# Die Liggaam Van Jesus

## Deel 2: ’n Hart soos Jesus in verhouding met Jesus

# Die Liggaam Van Jesus.

1. **Leef 'n lewe waardig tot jou roeping, vir die Een wat jou geroep het.**
2. **Onderhou die eenheid wat bewerk is deur die Gees en gekoop is met die bloed van Jesus.**

**(Efes 4:1)** Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het,

**(Efes 4:2)** Met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra.

**(Efes 4:3)** Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

**(Efes 4:4)** Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het.
**(Efes 4:5)** Daar is net één Here, één geloof, één doop,
**(Efes 4:6)** één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.
**(Efes 4:7)** Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.

**(Efes 4:8)** Daarom sê die Skrif: “Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.”
**(Efes 4:9)** Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe.
**(Efes 4:10)** Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul.

**(Efes 4:11)** Hý het sommige as apostels gegee, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars,
**(Efes 4:12)** om God se mense toe te rus vir hulle dienswerk. Hulle werk is om Christus se liggaam op te bou.
**(Efes 4:13)** So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.

**(Efes 4:14)** Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.
**(Efes 4:15)** Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof,

**(Efes 4:16)** en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

**(Efes 4:2)** Met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra.

**(Fil 2:3)** Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.
**(Fil 2:4)** Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.
**(Fil 2:5)** Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

# Die Liggaam Van Jesus.

1. **Leef 'n lewe waardig tot jou roeping, vir die Een wat jou geroep het.**
2. **Onderhou die eenheid wat bewerk is deur die Gees en gekoop is met die bloed van Jesus.**
3. **Die gesindheid van jou hart bepaal jou groei en eenheid in die liggaam.**

**(Efes 4:16) en uit Hom groei die hele liggaam**. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

**(Kol 2:18)** Laat niemand wat aandring op selfvernedering en engelverering – en dit met ’n beroep op visioene! – julle op sleeptou neem nie. Verniet dink hierdie mense, tipies van hulle sondige geaardheid, baie van hulleself.

**(Kol 2:19)** **Hulle is nie aan die hoof verbind uit wie die hele liggaam groei nie**. Vanuit die hoof groei die hele liggaam, ondersteun en saamgebind deur gewrigte en spiere. Gód laat dit groei!

# Die Liggaam Van Jesus.

1. **Leef 'n lewe waardig tot jou roeping, vir die Een wat jou geroep het.**
2. **Onderhou die eenheid wat bewerk is deur die Gees en gekoop is met die bloed van Jesus.**
3. **Die gesindheid van jou hart bepaal jou groei en eenheid in die liggaam.**
4. **Vanuit die Hoof groei die hele liggaam in eenheid.**


UNTIL NEXT TIME
GO BE A WITNESS AND A LIGHT FOR OUR LORD